Publication: Potchefstroom Herald
Title: Nuwe beddens maak Amelia se harte bly
AVE: 11244.8
Page: 7
Publish Date: 05 November 2026
Author: Unspecified



Die inwoners en bestuur van Amelia Nasorgsentrum is dankbaar vir 70 nuwe beddens en matrasse danksy die NWU CSE se ruim skenking van R230 000. Foto: Wouter Pienaar

Nuwe beddens maak Amelia se harte bly

WOUTER PIENAAR

Die afgelope Oktober was 'n maand van voorsiening en vreugde vir Amelia Nasorgsentrum toe hulle met 'n skenking van R230 000 van die NWU: CSE 70 nuwe beddens en matrasse kon aankoop.

Verlede jaar het Amelia 32 beddens gekoop, wat die totaal nou op 102 te staan bring – meer as genoeg vir die 94 inwoners. Die ou matrasse sal aan instansies geskenk word wat dit nodig het.

John-Martin Parsons, voorsitter van Amelia Nasorgsentrum, sê die aankope vorm deel van die sentrum se poging om inwoners se lewensomstandighede te verbeter en terselfdertyd aan die gemeenskap te wys hoe skenkings aangewend word. "Dit is vir ons belangrik dat skenkers weet waarheen hul fondse gaan en hoe dit aangewend word. Dit is hoekom ons nou wil wys en ook blootstelling gee aan wat ons behoeftes is," sê Parsons.

Skandeer die QR-kode:

Full Page Image
www.marketiq.co.za | Tel: 011 884 7847 | enquiries@marketiq.co.za
The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.